**22 Mei**

**Skrifgedeelte: Esegiël 37**
**Fokusgedeelte: Esegiël 37:4-6**

## Laat daar lig wees

Saam met die eerste handeling van God met die skepping van hemel en aarde, hoor ons ook sy eerste woorde: “Toe het God gesê: Laat daar lig wees.” En saam met sy woord kom daar lewe. “Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom. Laat die waters krioel van lewende wesens. Laat die aarde lewende wesens voortbring.” God skep deur sy woord wat lewe gee!

Dit is dieselfde boodskap wat deur die Nuwe Testament aan ons verkondig word, soos deur Johannes: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Alles het deur Hom tot stand gekom. In Hom was daar lewe, en die lewe was die lig vir die mense.” God openbaar Homself aan ons deur sy woord wat lewe gee!

In waarheid is dit die boodskap wat die Bybel op elke bladsy aan ons verkondig. Soos ook in Esegiël 37: “Hoor die woord van die Here: Ek gaan my gees in julle laat kom sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is” (vs 4-6). God herskep deur sy Woord, nuwe lewe uit die dood!

Duidelik is God se oproep tot die profeet Esegiël: “Tree op as profeet, verkondig die woord!” Israel sit in ’n totaal hopelose situasie in ballingskap in Babilon. Hulle verwagting is verlore, in die donkerste dieptes van desperaatheid. Tot drie maal toe sê hulle: “Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons” (vs 11).

En dan kom staan die Here voor hulle met sy boodskap wat uit ’n vallei vol doodsbeendere nuwe lewe skep. Want dit is wie God is: wat lewe gee uit die dood. Wat aan Israel profeteer: Alles is nie verby nie. Omdat God ’n plan het vir sy wêreld, daarom kan en wil en sal Hy Israel laat herleef. Deur sy Woord en Gees kom herskep Hy wat dood is weer tot nuwe lewe.

So het God Hom in Christus, die lewende Woord, kom openbaar. Hy wat met sy kruisdood en opstanding ook aan ons lewe uit die dood verseker het, ewige lewe uit ons sondedood. Daarom hoef ons nooit moed op te gee nie, want God se plan met ’n verdorde, dooie wêreld is die herskepping daarvan in ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde. Leef en verkondig dan self sy Woord: dat al lyk alles dood, verdor, verby – God is nie ’n God van dooies nie, Hy gee lewe tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 33:5, 6 (1936)*

*Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*